Oordenking
6 Julie 2009

Ons moet mekaar liefhê

As ons nie ‘n persoonlike verhouding met Jesus het nie, kan ons niks doen wat regtig goed is nie!

As ons die mense in ons gemeente deurkyk, sien ons baie wie se lewe die heerlikheid van Jesus sigbaar maak. Hulle getuienis versterk ons geloof. Hulle versterk ons, en ons vir hulle en saam maak ons bekend hoe wonderlik Jesus werklik is en dit help ander, wat nog buite die Liggaam van Chrstus is, om in Hom te glo.

In die konteks van die “wingerdstok en die lote”, *se Jesus: " Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. (Joh 15:4-5).*

Die vrugte waarvan Jesus hier praat, gaan oor ons liefde vir mekaar, wat sy liefde vir ons aan die wereld openbaar. So deel ons sy liefde met ‘n verlore, hartseer wereld, want Hy is die antwoord, die Redder, die werklike bron van lewe en hoop, van betekenis en vrugte dra. In Joh 15: 10 – 11 se Jesus: *“As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly. Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees.*” Ons persoonlike verhouding met Jesus dra die vrug dat ons Christene mekaar onselfsugtig liefhet en ware blydskap in sy diens ervaar.

Kinders van die Here wat Jesus regtig wil eer en sy Naam wil grootmaak in die wereld, doen dit so: *hulle het mekaar lief*. Dan kyk ander mense na ons en kan Jesus in ons sien, en sy boodskap verstaan. Hulle kan dan ook glo, blymoedig wees en Hom eer en verheerlik. Eers as ons dit doen, is ons werklik dissipels van ons Heer!